

## HOOFSTUK 7: ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

### 7.1 Inleiding

Die navorser wou deur haar navorsingstudie 'n bydrae lewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouergesin. Daar is deur middel van die studie ondersoek ingestel na die bruikbaarheid van 'n gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kind in 'n middestad konteks uit 'n enkelouergesin om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer. Gestaltgroepwerk bied aan die kind die geleentheid om gevoelens en belewinge van die enkelouersituasie binne groepverband te deel en ondersteuning van die terapeute en die ander groeplede te ontvang. Die kind se innerlike self word deur hierdie proses versterk en die kind word bemagtig tot selfondersteuning. Deur hierdie navorsingstudie is daar dus ondersoek ingestel na die bruikbaarheid van die gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kind in die enkelouergesin tot die hantering van die negatiewe belewinge van die enkelouersituasie soos skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, beleving van ontoereikendheid, beleving van verlies, en smart en depressie.

In hierdie hoofstuk sal die samevatting, gevolgtrekkings en aanbevelings van elke hoofstuk in die studie aandag geniet. Daar sal in die laaste plek aandag gegee word aan die toetsing van die doelstelling en doelwitte en die toetsing van die hipotese.

Hoofstuk 1 behels die algemene inleiding tot die navorsingstudie en sluit in die motivering vir die keuse van die onderwerp; probleemformulering; doelstelling en doelwitte van die ondersoek; die hipotese vir die studie; navorsingsbenadering; soort navorsing; navorsingsontwerp; navorsingsprosedure en werkswyse; voorondersoek; omskrywing van die universum, afbakening van steekproef en wyse van steekproefneming; etiese aspekte; die leemtes van die studie; die definisies van hoofkonsepte en die indeling van die navorsingsverslag.

In hoofstuk 2 en hoofstuk 3 is die bevindinge vanuit die literatuurstudie bespreek.

Hoofstuk 2 handel oor die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en terapeutiese intervensie met die kind in die enkelouergesin.

In hoofstuk 3 word die teoretiese agtergrond van gestaltpeltherapie en gestaltgroepwerk bespreek.

In hoofstuk 4 word die eerste deel van die empiriese studie bespreek wat die interpretering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering behels.

In hoofstuk 5 word Deel II en Deel III van die empiriese studie bespreek wat die interpretering van die bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering en die integrering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, behels.

In hoofstuk 6 word die gestaltgroepwerkprogram wat vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks ontwikkel, geïmplementeer en geëvalueer is, uiteengesit.

## **7.2 Hoofstuk 1: Algemene inleiding**

### **7.2.1 Samevatting**

- In hoofstuk 1 is 'n globale oorsig van die navorsingstudie verskaf. Die tendens van enkelouerskap en die probleme waarmee enkelouergesinne gekonfronteer word, is kortliks in die inleiding tot hoofstuk 1 bespreek.
- Die motivering tot die keuse om 'n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks te ontwikkel en te implementeer; die formele formulering van die probleem waarmee enkelouerkinders dikwels gekonfronteer word; die uiteensetting van die

doelstelling en doelwitte ten einde die studie te rig en die uiteensetting van die hipotese vir die studie het hierna aandag geniet.

- Die motivering vir die studie was om 'n bydrae te lewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouergesin, in die vorm van 'n gestaltgroepwerkprogram as intervensie vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks.
- Die probleem wat deur die navorsingstudie aangespreek is, is die dikwels ontoepaslike hantering van die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie deur die enkelouerkind, op die emosionele en sosiale vlak.
- Die studie het ten doel gehad om die kind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.
- Die hipotese het veronderstel dat indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, inskakel by 'n gestaltgroepwerkprogram, die kind bemagtig sal word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer.
- Daar is verder in die hoofstuk gefokus op die gekombineerde kwanitatiewe-kwalitatiewe navorsingsbenadering waaruit die navorsingstudie onderneem is, met spesifieke verwysing na die dominante-minder-dominante model van Creswell.
- Intervensienavorsing is as die soort navorsing geïdentifiseer en bespreek. Intervensienavorsing is tydens die studie gedoen, aangesien 'n spesifieke intervensieprogram in die vorm van 'n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks ontwikkel en geëvalueer is.
- Die enkelsistemoontwerp het as die spesifieke navorsingsontwerp vir hierdie studie aandag geniet.
- Die onderskeie stappe van die enkelsistemoontwerp is as die navorsingsprosedure en werkswyse uiteengesit en bespreek.

- Daar is tydens die bespreking van die vooronderzoek gefokus op die literatuurstudie; die konsultasie met kundiges; die uitvoerbaarheid van die ondersoek en die toetsing van die vraelys.
- Die populasie verbonde aan die studie is hierna omskryf, die steekproef is afgebaken en die wyse van steekproefneming is omskryf.
- Die volgende etiese aspekte van toepassing op die navorser se studie, is uiteengesit en bespreek:
  - \* Skade aan eksperimentele subjekte en/of respondente.
  - \* Ingeligte toestemming.
  - \* Inbreuk op privaatheid.
  - \* Aksies en bevoegdheid van navorsers.
  - \* Samewerking met medewerkers.
  - \* Beskikbaarstelling of publikasie van die bevindinge.
  - \* Herstel van subjekte of respondente.

Tydens die navorsingstudie is hierdie etiese aspekte in ag geneem en toegepas.
- Die leemtes van die navorsingstudie; die definisies van die hoofkonsepte, naamlik speltherapie, gestalttherapie, gestaltgroepwerk, middelkinderjare en laat middelkinderjare, enkelouergesin, en kind in 'n middestad konteks; en 'n uiteensetting van die indeling van die navorsingsverslag, het in die laaste plek in hoofstuk 1 aandag geniet.

### 7.2.2 Gevolgtrekkings

- Die enkelouergesin het 'n behoefte aan hulpbronne in die gemeenskap ten einde die volgehoue emosionele, sosiale, psigiese en fisiese welstand van sy afsonderlike lede te verseker. Enkelouerkinders ervaar egter dikwels 'n verlies aan gemeenskaps-, ekonomiese- en ouerlike hulpbronne.
- Die gestaltgroepwerkprogram is as intervensie vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks, ontwikkel en deur die implementering en evaluering van die program, is daar 'n bydrae gelewer tot die gemeenskapshulpbronne wat beskikbaar is vir die enkelouergesin.

- Die ontoepaslike hantering van die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie deur die enkelouerkind, op die emosionele en sosiale vlak, is suksesvol deur die navorsingstudie aangespreek.
- Die studie het daarin geslaag om die doel, naamlik om die kind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer, te bereik.
- Die navorsingsbevindinge het die hipotese wat veronderstel het dat indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, inskakeel by 'n gestaltgroepwerkprogram, die kind bemagtig sal word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer, ondersteun.
- Die gekombineerde kwanitatiewe-kwalitatiewe navorsingsbenadering met spesifieke verwysing na die dominante-minder-dominante model van Creswell, is as die beste opsie vir hierdie studie benut, omdat die hooffokus van die studie op die meting van die kinderrespondente se vordering met behulp van selfontwerpte vraelyste, geplaas is. Ongestruktureerde waarneming tydens die groepwerksessies het die kleiner kwalitatiewe komponent van die studie uitgemaak en het die bevindinge vanuit die kwanitatiewe benadering aangevul.
- Die benutting van intervensienavorsing tydens die studie was waardevol, aangesien die onderskeie fases van intervensienavorsing die ontwikkeling, implementering en evaluering van die gestaltgroepwerkprogram moontlik gemaak het.
- Die benutting van die enkelsistemoontwerp het die meting van die kinderrespondente se vordering moontlik gemaak, met behulp van die voltooiing van dieselfde selfontwerpte vraelys voor en na die implementering van die gestaltgroepwerkprogram.
- Die onderskeie stappe van die enkelsistemoontwerp is as die navorsingsprosedure en werkswyse tydens die studie gevolg en is suksesvol tydens die studie geïmplementeer, sodat die nodige resultate bekom kon word.

- Tydens die voorondersoek het die navorser haarself ten opsigte van die relevante literatuur oriënteer; kundiges in die middestad konteks, die akademie en die praktyk geraadpleeg; die nodige toestemming van die ouers, die Middestad Trauma Terapiesentrum en die Gauteng Departement van Onderwys bekom; en die vraelys getoets met behulp van die implementering van die gestaltgroepwerkprogram met 'n kleiner groep van vier vroulike kinderrespondente. Die voorondersoek het die suksesvolle uitvoering van die navorsingstudie moontlik gemaak.
- Die benutting van nie-waarskynlikheidsteekproefneming met spesifieke verwysing na doelgerigte steekproefneming het die keuse van geskikte respondente vir deelname aan die navorsingstudie vergemaklik.
- Die kinderrespondente en hulle enkelouers is tydens die navorsingsondersoek beskerm deur middel van die inagneming van die etiese aspekte wat betrekking gehad het op die spesifieke navorsingstudie.
- Na aanleiding van die leemtes wat tydens die navorsingstudie geïdentifiseer is, kon aanbevelings vir verdere soortgelyke navorsingsondersoeke gemaak word.
- Die definiëring van die hoofkonsepte van die studie het die grondslag vir begrip van die uiteensetting en bespreking van die res van die studie gelê en skakel waninterpretasie uit..

### 7.2.3 Aanbevelings

- 'n Gesamentlike navorsingsprojek deur twee navorsers, waartydens 'n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouer en 'n gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind aangebied word, moet sterk oorweeg word, aangesien dit as 'n belangrike ondersteuningsbron vir die enkelouer se eie problematiek en behoeftes sal dien.
- Die gestaltgroepwerkprogram vir enkelouers en/of betrekking van die enkelouers by ouerleidingsessies moet verkieslik na-ure geskied ten einde vir werksverpligtinge van die enkelouers voorsiening te maak.

- Die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram vir enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks behoort deur die maatskaplike werkers van die Middestad Trauma Terapiesentrum as deel van hulle terapeutiese intervensie geïmplementeer te word. Die program kan wyer bekendgestel word deur die betrekking van meestersgraadstudente in spel terapie by die implementering van die program by die ander skole in die middestadomgewing.

### **7.3 Hoofstuk 2: Die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en terapeutiese intervensie met die kind in die enkelouergesin**

#### **7.3.1 Samevatting**

- Daar is in die eerste plek in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die emosionele en sosiale ontwikkeling van die kind in die laat middelkinderjare, aangesien die kind in die enkelouergesin dikwels veral op emosionele en sosiale vlak ontwig word. Die emosionele ontwikkeling is bespreek in terme van die kind in die laat middelkinderjare se ervaring en hantering van die verskillende emosies en die ontwikkeling van die kind se selfbeeld. Die sosiale ontwikkeling is bespreek in terme van die ontwikkelingstake en gesinstake wat in die laat middelkinderjare bemeester moet word, aangesien die sosiale ontwikkeling van die kind hoofsaaklik binne die konteks van die kind se gesins- en portuurgroepverhoudings plaasvind.
- Tydens die bespreking van die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare, is die fokus eerstens geplaas op die algemene problematiek van die enkelouergesin, naamlik: Ekonomiese kwesbaarheid, emosionele kwesbaarheid, sosiale kwesbaarheid, kwesbaarheid ten opsigte van roldifferensiasie en pedagogiese kwesbaarheid; en tweedens op die invloed van enkelouerskap op die kind.
- Die enkelouerkind wat hom-/haarself in 'n middestad konteks bevind het hierna spesifiek aandag geniet.

- Die fokus is hierna geplaas op die terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewing in die enkelouergesin in terme van terapeutiese intervensie in die algemeen en hierna in terme van terapeutiese intervensie binne groepverband. Aanbevelings is gemaak vir die hantering van skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, beleving van ontoereikendheid, beleving van verlies en smart en depressie by die enkelouerkind. Voorstelle is ook gemaak vir die hantering van die enkelouerkind se belewing binne groepverband.

### 7.3.2 Gevolgtrekkings

- Tydens die middelkinderjare bereik die kind groter emosionele buigsaamheid en groter emosionele differensiasie. Dit maak die kind in hierdie tyd 'n ideale kandidaat vir gestaltgroepwerk waartydens die kind deur verskeie tegnieke die geleentheid gebied word om sy/haar gevoelens binne 'n vertroulike atmosfeer met ander te deel en om ander te ondersteun wat negatiewe gevoelens ervaar.
- Die verandering in gesinstruktuur vanweë die verlies van 'n ouer, kan die kind se bemeestering van die ontwikkelings- en gesinstake negatief beïnvloed, aangesien die kind se aanpassing binne die enkelouergesinsopset en onaangename gevoelens ten opsigte van die verlies van 'n ouer sy/haar bemeestering van hierdie take kan strem.
- Wanneer die kind uit 'n enkelouergesin in terapie ingeskakel word, moet die ekonomiese-, emosionele-, sosiale- en pedagogiese kwesbaarheid asook die kwesbaarheid ten opsigte van roldifferensiasie van sy/haar gesinsomgewing in ag geneem word. Hanteringstrategieë moet aangepas word om by die kind se betrokke omstandighede te pas.
- Die verlies van 'n ouer is vir die kind 'n negatiewe belewenis, ongeag of die verlies van 'n ouer as gevolg van egskeiding of die dood onlangs ingetree het of andersyds waar die verlies al 'n geruime tyd gelede gebeur het.
- Huweliksontwrigting blyk spanningsvolle gebeure en ekonomiese druk te bevorder; laasgenoemde aspekte bevorder weer ongepaste ouerskap en ongepaste ouerskap bevorder afwykende gedrag by die kinders. Ongepaste ouerskap

impliseer minder aandag aan die kind vanweë 'n gebrek aan tyd, omdat die enkelouer in die meeste gevalle moet werk, asook verminderde beheer oor die doen en late van die kind.

- Die enkelouerkind wat in 'n middestad konteks grootword, word met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer goeie woonbuurt grootword. Kinders wat in meer goeie gemeenskappe grootword, mag aan meer prososiale rolmodelle en beter dienste blootgestel word. In teenstelling hiermee mag die rassesegegrasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld wat algemeen is onder baie lae inkomste, stedelike gemeenskappe die vermoë van gesinne om hulleself en hulle kinders te beskerm, verhinder.
- Tydens die gestaltgroepwerkprogram word die enkelouerkind in 'n middestad konteks blootgestel aan ondersteunende volwassenes in die vorm van die terapeute en word die kind bemagtig om sy/haar enkelouersituasie teen die agtergrond van 'n ongunstige omgewing, op meer toepaslike wyses te hanteer. Die enkelouer word ook tydens die program begelei om verhoogde emosionele ondersteuning aan sy/haar kind te bied.
- Die selfbeeld van die enkelouerkind lei dikwels skade, vanweë verminderde aandag deur die enkelouer en die afwesige ouer.
- Tydens gestaltgroepwerk kan elke kind begelei word tot die uitdrukking van sy/haar belewing van die enkelouersituasie en die toepaslike hantering daarvan met behulp van alternatiewe hanteringstrategieë. Die ander groeplede dien as 'n belangrike ondersteuningsnetwerk wanneer emosies en behoeftes uitgedruk word, aangesien hulle aan soortgelyke ervarings blootgestel is.

### **7.3.3 Aanbevelings**

- Die selfbeeld van die enkelouerkind moet in enige intervensieprogram versterk word.

- Tydens die ontwikkeling van hanteringstrategieë vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks, moet die onderskeie kwesbaarhede van die enkelouerkind se gesinsomgewing in ag geneem word.
- Ondersteuningsprogramme vir kinders wat in 'n middestad konteks grootword, kan ontwikkel word met die doel om individuele vaardighede en bevoegdhede by die kinders te ontwikkel, ten einde hulle in staat te stel om die druk van die stedelike lewe te vermy. Ondersteunende volwassenes wat leiding, terugvoer en beskerming vir hierdie kinders voorsien, kan tydens hierdie programme toesig hou oor die kinders se aktiwiteite en as rolmodelle dien.
- Tydens die ontwikkeling van 'n gestaltgroepwerkprogram, moet daar gefokus word op die enkelouerkind se hantering van skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees, beleving van ontoereikendheid, beleving van verlies en smart en depressie wat verband hou met die enkelouersituasie. Die enkelouerkind moet deur die terapeut(e) aangemoedig word om hierdie belewinge op toepaslike wyses te hanteer.

## **7.4 Hoofstuk 3: Gestaltspelterapie en gestaltgroepwerk**

### **7.4.1 Samevatting**

- In hierdie hoofstuk is daar hoofsaaklik gefokus op speltherapie; gestalttherapie; gestaltspelterapie met die kind in die laat middelkinderjare; gestaltgroepwerk en die proses van verandering wat by die kind plaasvind tydens terapeutiese intervensie.
- Kinders sal eerder hulle ervarings en behoeftes projekteer deur gebruik te maak van 'n vorm van spel, as om hulle ervarings en behoeftes te verbaliseer soos wat die geval is by volwassenes.
- Gestalttherapie kan beskou word as 'n terapeutiese benadering wat fokus op die kliënt se totale menswees en die kliënt aanmoedig om in kontak te kom met hom-/haarself deur bewustheid van die self te verhoog. Wanneer kontak bewerkstellig is, is die kliënt in staat tot verbeterde probleemoplossing en selfbesluitneming.

- Gestaltterapie is verder bespreek in terme van die veronderstellings van die gestaltbenadering en die gestaltverwante konsepte soos figuur en grond, balans, bewustheid, onvoltooidheid, teenwoordigheidsgesentreerdheid, verantwoordelikeid vir self en kontak.
- Tydens gestaltpeltherapie met die kind in die laat middelkinderjare moet “die self” van die kind versterk word deur middel van die verhoging van selfuitdrukking ten opsigte van “wie is ek” en “wie is ek nie”; differensiëring van “die self”; en deur die geleidelike verhoging van emosionele uitdrukking, aangesien emosionele uitdrukking baie moeilik is vir die kind.
- Gestaltgroepwerk is in die eerste plek bespreek in terme van groepseltherapie. Groepseltherapie hou sosiale waarde vir die kind in, aangesien genoemde werkswyse veral fokus op die veralgemening van die kind se individuele vermoëns na sy/haar interaksie met die portuurgroep. Speltherapie binne groepverband breek verder die gevoel van isolasie, normaliseer die herstel/helingsproses en voorsien portuurgroepondersteuning.
- Die volgende teoretiese konsepte onderliggend aan gestaltgroepwerk met kinders, is bespreek:
  - \* Die “I/Thou”-verhouding
  - \* Kontak
  - \* Kontakgrensversteurings naamlik projeksie, defleksie, retrofleksie, samevloeiing en introjeksie.
  - \* Weerstand
  - \* Bewustheid en ervaring
- Die twee primêre groepmodelle wat binne die gestaltbenadering benut kan word, naamlik die “een-tot-een groepmodel” en die “groepsdinamikamodel” is bespreek. Die benutting van die kombinasie van hierdie twee modelle het verder aandag geniet.
- Die oorhoofse gestaltgroepwerkproses is uiteengesit in terme van groepsamestelling en die fases van groepontwikkeling met die verbandhoudende kontakgrensversteurings. Die volgende fases van groepontwikkeling is geïdentifiseer: Oriënteringsfase, konflikfase en kohesiefase.

- Die groepwerkproses tydens een groepwerksessie volg die patroon van “rondtes” waartydens elke kind enige-iets vertel van hulle week; die werksfase waartydens die aktiwiteite in die groep die uitdrukking van gevoelens, die definiëring en versterking van “die self”, en ervarings met gesonder aspekte van “die self”, fasiliteer; en sluiting waartydens elke groeplid die geleentheid kry om enige-iets wat hulle vir die terapeut of enige iemand anders in die groep wil sê, te sê, om die aktiwiteit te evalueer en om melding te maak van iets waarvan hulle veral gehou het tydens die groepwerksessie of iets wat hulle gehinder het. Die groepwerksessie word binne groepverband saamgevat en beplanning vir die volgende groepwerksessie vind plaas.
- Die onderskeie tegnieke wat in gestaltgroepwerk benut kan word is: Taaloefeninge, nie-verbale taal, eksperimente met dialoog, fantasiebenaderings, die oordrywingsoefening en droomwerk.
- Die model van Oaklander (1988:53-54) word tydens die terapeutiese proses binne groepverband benut om via die projeksies van die groeplede by hulle gevoelens van verlies en belewinge van die enkelouersituasie uit te kom.
- Tydens die hantering van die enkelouerkind se belewinge tydens gestaltgroepwerk, moet daar veral aandag geskenk word aan die hantering van skuldgevoelens, woede, verwarring, vrees en die enkelouerkind se belewing van ontoereikendheid.
- Die proses van verandering wat by die enkelouerkind plaasvind tydens terapeutiese intervensie, behels die kind se beweging deur die vyf lae van neurose, naamlik:
  - \* Die valse laag
  - \* Die fobiese laag
  - \* Die weerstandslaag
  - \* Die implosiewe laag
  - \* Die eksplosiewe laag
 Wanneer die kind in die eksplosiewe laag beweeg, is hy/sy nou in kontak met sy/haar ware gevoelens en in staat om die gevoelens opreg en eerlik uit te druk op wyses wat nie skadelik vir die self of vir ander mense is nie. Kinders is nou

bemagtig om hulleself te wees en om hulle gevoelens aangaande die enkelouersituasie op gepaste wyses te hanteer.

#### 7.4.2 Gevolgtrekkings

- Speltherapie vanuit die gestaltbenadering stel die kind in staat om insig te ontwikkel in sy/haar belewing van die enkelouersituasie en gevoelens en behoeftes daar rondom.
- Wanneer die kind behoeftes en gevoelens kommunikeer deur die medium van spel, word die proses van selfheling aan die gang gesit en kan hy/sy die bepaalde traumatiese ervaring soos verlies, verwerk.
- Dit is tydens gestaltspeltherapie met die kind in die laat middelkinderjare belangrik om stadig te beweeg ten opsigte van die uitdrukking van dieper gevoelens soos byvoorbeeld woede deur die kind. Kinders sal soms weerstand toon, omdat hulle nie oor genoeg selfondersteuning of egokrag beskik om die materiaal te hanteer nie.
- Tydens gestaltgroepwerk word die kind nie bloot begelei tot groter kontak met die self en verhoogde selfregulering nie, maar ook tot verbeterde interaksie met portuurgroeplede.
- Kinders het tydens gestaltgroepwerk die gulde geleentheid om hulleself te ontdek, te leer ken en om te ontwikkel met behulp van die eksperimente en ervarings met ander groeplede waaraan hulle blootgestel word.
- 'n Kombinasie van die "een-tot-een groepmodel" en die "groepsdinamikamodel" waartydens daar sowel 'n fokus op kontak tussen groeplede as een-tot-een werk in die groep (met die ander groeplede wat aangemoedig word om deel te neem tydens die werk), aangemoedig word, leen hom meer tot groepintervensie met kinders, aangesien kinders hulleself beter leer ken vanuit hulle interaksie met ander kinders.
- Gestaltgroepe neem langer as 'n uur, omdat daar tydens 'n gestaltgroep op elke kind se proses gefokus word ten einde by sy/haar voorgrondbehoefte en gevoelens uit te kom.

- Indien die terapeut bewus is van die aard van die vyf tipe kontakgrensversteurings wat tydens die verskillende fases van groeipontwikkeling hulle verskyning onder die groeplede kan maak, is die terapeut daarop voorbereid en kan hy/sy dit met behulp van die tegnieke van gestaltgroepwerk, en die hulp van die ander groeplede, hanteer.
- Opreghed en eerlikheid van die groeplede teenoor mekaar moet in 'n gestaltgroep beklemtoon word. Die groeplede word op hierdie wyse van die begin af gemotiveer om meer in kontak met hulleself te wees en om kongruent met hulle ware gevoelens op te tree.
- Verskeie tegnieke kom voor in gestaltgroepwerk en daar word baie ruimte gelaat vir die kreatiwiteit van die terapeut. Dit is egter belangrik dat die terapeut die verbale en nie-verbale leidrade wat die kind ten opsigte van hom-/haarself gee, met die kind sal opvolg.
- Binne 'n groepsituasie moet die terapeut vinniger deur die stappe van Oaklander se model van eksplorering beweeg as tydens individuele spel terapie, ten einde by die voorgrond van elke groeplid uit te kom. Hoe meer bewus die kinders word van wat hulle doen en voel, hoe vinniger word behoeftes en gevoelens uitgedruk en toegeëien. Die res van die groep word hierna betrek vir die voorsiening van ondersteuning en om voorstelle te maak vir die benutting van alternatiewe hanteringstrategieë vir bepaalde belewinge.
- Tydens gestaltgroepwerk beweeg die groeplede deur die verskillende lae van Perls, soos wat hulle die geleentheid gebied word om hulle gevoelens, voorgrondbehoefte en ontkende aspekte van die self, uit te druk en verantwoordelikheid hiervoor te neem. "Die self" word versterk en die kind word 'n selfregulerende individu wat besluite kan neem, probleme kan oplos en met meer toepaslike gedrag as voorheen buite die groepsituasie kan eksperimenteer.

### 7.4.3 Aanbevelings

- 'n Gestaltgroep moet verkieslik nie te groot wees nie, met 'n maksimum van agt kinders, indien die kinders oor die ouderdom van agt jaar is, aangesien daar op elke kind se proses tydens die groepwerksessie gefokus moet word.
- Die weerstand en ontkenning wat dikwels by die kind in die laat middelkinderjare aangetref word, moet gerespekteer word en daar moet stadig beweeg word met die begeleiding van die kind in die uitdrukking van gevoelens en behoeftes.
- Tydens 'n gestaltgroepwerkprogram moet die enkelouerkind met behulp van projektiewe tegnieke aangemoedig word om sy/haar belewinge en gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie uit te druk. Daar moet hierna met die hulp van die terapeute en die ander groeplede op toepaslike hanteringsmeganismes vir hierdie gevoelens en behoeftes besluit word.
- Daar kan van die volgende projektiewe tegnieke vir die fasilitering van die uitdrukking van gevoelens, die definiëring en versterking van “die self” en ervarings met gesonder aspekte van “die self” tydens die gestaltgroepwerkprogram gebruik gemaak word: Teken, klei, “collage”, sandbak, poppespel, musiek, liggaamsbeweging, kreatiewe gedramatiseerde spel, metaforiese stories, fantasie en beeldwerk.
- Daar word aanbeveel dat 'n kombinasie van die “een-tot-een groepmodel” en die “groepsdinamikamodel” benut word tydens groepintervensie met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare, aangesien kinders hulleself beter leerken vanuit hulle interaksie met ander kinders as wanneer interaksie nie 'n rol speel nie.

## 7.5 Hoofstuk 4: Empiriese studie: Deel I

### 7.5.1 Samevatting

- Inleidend tot hierdie hoofstuk, is daar weer 'n oorsig gegee van die navorsingsproses soos bespreek in hoofstuk 1, ten einde die leser te oriënteer met die oog op die bespreking van die empiriese bevindinge.
- Die selfontwerpte vraelys vir die kinderrespondente en die selfontwerpte vraelys vir die enkelouerrespondente is tesame met die analisering en interpretering van die data, as deel van die navorsingsproses, bespreek.
- Hierna is die fokus geplaas op die bespreking van die empiriese ondersoek vanuit die kwantitatiewe benadering.
- Die data wat met behulp van selfontwerpte vraelyste vir die kinderrespondente en die enkelouerrespondente, **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram, ingesamel is, is in die vorm van tabelle en figure voorgestel, bespreek en geïnterpreteer.
- Die bevindinge is ook met die literatuurstudiebevindinge vergelyk en geïntegreer.
- Die biografiese besonderhede van die kinder- en enkelouerrespondente is eerstens tydens die bespreking van die empiriese bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering bespreek. Die kinderrespondente was almal manlik. Van die sewe enkelouerrespondente was 85.71% (ses) vroulik, terwyl 14.29%(een) enkelouerrespondent manlik was. Die manlike enkelouerrespondent is by die navorsingsprojek betrek, omdat een van die kinderrespondente tydens die navorsingstudie by sy pa as enkelouer, woonagtig was.
- Hierna is daar gefokus op die bevindinge ten opsigte van die kinderrespondente se verhouding met hulle ma en pa; die verhouding van die enkelouerrespondente met hulle kind en die kinderrespondente se ervaring van gesinsverhoudings in die enkelouergesin **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram.
- Die belangrikste aspekte waarop daar verder in die hoofstuk gefokus is, is die kinderrespondente se emosionele ervaring van die verlies van 'n ouer; die kinderrespondente se persepsie van die toepassing van beheer deur hulle enkelouer; die kinderrespondente se persepsie van aandag van hulle enkelouer en

die aard van die kontak van die kinderrespondente met die familie van die afwesige ouer, soos deur die kinder- en enkelouerrespondente weergegee **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram.

- Daar is in die laaste plek in hierdie hoofstuk aandag gegee aan die vlak van emosionele funksionering van die kinderrespondente **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram; die vlak van sosiale funksionering van die kinderrespondente en die kinderrespondente se vermoë om gevoelens op toepaslike wyses te hanteer **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram. Die response bekom van die kinder- en enkelouerrespondente ten opsigte van die kinderrespondente se wense **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram het laastens aandag geniet.

### 7.5.2 Gevolgtrekkings

- Die kinderrespondente was almal (100%) manlik. Die steekproef het sewe kinders van een geslag ingesluit, aangesien die kind in die middelkinderjare verkies om met lede van sy/haar eie geslag te speel.
- Die meeste enkelouerrespondente, 85.71% (ses), was vroulik, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent manlik was. Die manlike enkelouerrespondent is by die steekproef ingesluit, aangesien een van die kinderrespondente by sy pa as enkelouer woonagtig was.
- Van die enkelouerrespondente was 85.71% (ses) reeds geruime tyd enkelouers ten tyde van die studie (tussen ses en 11 jaar), terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent drie jaar lank 'n enkelouer was. Die geringe verskille in tydperk van enkelouerskap het nie die studie noemenswaardig beïnvloed nie.
- Die oorsaak van die skeiding, hetsy egskeiding, dood of vervreemding, het nie 'n verskil in hierdie studie gemaak nie. Die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie het in 'n groot mate ooreengestem.
- Die verhouding tussen die kinderrespondente en hulle ma's blyk oorwegend positief te wees, **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram. Een (14.29%) kinderrespondent was tydens die studie by sy pa as enkelouer woonagtig.

- Die meeste kinderrespondente hou daarvan om by hulle pa te wees, al is daar nie so 'n goeie verhouding tussen pa en kind nie, wat moontlik op 'n behoefte aan kontak met hulle pa's kan dui. **Na** die gestaltgroepwerkprogram het daar 'n verbetering in die verhouding tussen pa en kind by 28.57% (twee) van die respondente ingetree.
- Vanuit die perspektief van die betrokke enkelouers, blyk dit dat daar 'n verbetering in die enkelouer-kindverhouding **na** die gestaltgroepwerkprogram vir hierdie spesifieke respondentegroep ingetree het. Tydens die gestaltgroepwerkprogram is die enkelouers aangemoedig om meer aandag aan hulle kind te gee en na hulle kind te luister.
- Dit is vir 100%(al sewe) kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram die meeste van die tyd positief om by hulle enkelouergesin te wees. Dit is vir 28.57% (twee) kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram meer positief om by hulle enkelouergesin te wees as **voor** die gestaltgroepwerkprogram.
- Al sewe (100%) kinderrespondente voel **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend positief oor die feit dat hulle ma of pa nie meer by hulle is nie. Hierdie bevindinge is sowel in teenstelling met die bevindinge van Van Loggerenberg & Roets (1993:111-112) wat meen dat die verlies van 'n ouer vir die kind 'n negatiewe belewenis is, as met die kwalitatiewe bevindinge van hierdie studie.
- Dit blyk verder vanuit hierdie bevindinge dat die enkelouers in hierdie spesifieke respondentegroep in 'n groot mate in kontak is met hulle kinders se emosionele ervarings van die verlies van die ander ouer.
- Die kinderrespondente mis die afwesige ouer en/of verlang na die familie van die afwesige ouer in 'n groter mate as wat die enkelouerrespondente dink. Die enkelouerrespondente is dus nie heeltemal in kontak met hulle kinders se gevoelens ten opsigte van die afwesige ouer en/of die familie van die afwesige ouer nie. Dit kom voor of hulle die gevoel van verlange na die afwesige ouer en/of sy/haar familie by hulle kinders onderskat. Die moontlikheid bestaan dat die enkelouers hulle eie gevoelens ten opsigte van hulle gewese maats op hulle kinders oordra.

- Geen kinder- of enkelouerrespondente toon **voor** of **na** die gestaltgroepwerkprogram aan dat die enkelouers **nooit** weet waar hulle kind is en/of wat hy doen nie. Dit blyk **voor** die gestaltgroepwerkprogram dat die kinderrespondente minder beheer van hulle enkelouers ervaar as wat die enkelouerrespondente meen hulle op hulle kinders toepas. **Na** die gestaltgroepwerkprogram blyk dit dat die enkelouerrespondente meer realisties is oor die beheer wat hulle op hulle kinders toepas as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Volgens Snyman & Le Roux (1993:86-87) is die enkelouergesin geheel en al afhanklik van een persoon vir sy ekonomiese instandhouding. Die enkelouer het gevolglik dikwels minder tyd om beheer oor sy/haar kind uit te oefen, aangesien hy/sy nou die enigste broodwinner is.
- Dit blyk dat meer enkelouerrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram aandag (gemeet aan hulp met huiswerk en/of nie te besig om saam met hulle kind te speel nie) aan hulle kinders gee as **voor** die gestaltgroepwerkprogram.
- Min kinderrespondente het **voor** (14.29%) en **na** (28.57%) die gestaltgroepwerkprogram gevoel dat dit hulle skuld is dat hulle een ouer nie meer by hulle is nie.
- Dit blyk dat die kinderrespondente meer op hulle eie by die afwesige ouer se familie gaan kuier as die enkelouer self.
- **Na** die gestaltgroepwerkprogram is 14.29% (een) kinderrespondent minder bang dat sy enkelouer iets sal oorkom as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Die enkelouerrespondente blyk ook meer in kontak te wees met hulle kinders se gevoel van vrees **na** die program as wat **voor** die program die geval was. Die feit dat die respondente in 'n middestadomgewing woonagtig is/was mag addisioneel bydra tot die kinderrespondente se vrees dat hulle die oorblywende ouer ook sal verloor of dat hy/sy iets sal oorkom. Die middestadomgewing leen hom meer tot rassese segregasie, misdaad, geweld en beperkte hulpbronne as wat die geval is in ekonomies meer goeie woonbuurte.
- Dit blyk dat die enkelouers **voor** die gestaltgroepwerkprogram meer bekommerd is oor die finansiële situasie in die gesin as wat by hulle kinders die geval is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram stem die response van die ouer- en

kinderrespondente in 'n groter mate met mekaar ooreen en blyk dit dat 14.29% (een) kinderrespondent meer realisties is oor die finansiële situasie in die gesin as **voor** die program. Snyman & Le Roux (1993:86-87) is van mening dat die enkelouergesin in 'n ekonomies kwesbare posisie geplaas word.

- Die kinderrespondente beskou hulle enkelouers as banger vandat die enkelouer alleen saam met hulle kind(ers) bly, as wat die enkelouers self voel hulle is. Die moontlikheid bestaan dat die kinderrespondente bekommerd is oor hulle enkelouers.
- Een (14.29%) kinderrespondent blyk **na** die gestaltgroepwerkprogram 'n bietjie meer bang te wees om net saam met een van sy ouers te bly as **voor** die program. Die enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram meer optimisties oor hulle kinders se vrese as die kinders self. Die enkelouerrespondente blyk in hierdie opsig minder in kontak met hulle kinders se gevoelens te wees as voor die gestaltgroepwerkprogram. Die moontlikheid bestaan dat die enkelouers wil hê hulle kinders moet **na** die program nooit bang voel nie.
- Al sewe (100%) kinderrespondente handhaaf **na** die gestaltgroepwerkprogram oorwegend 'n positiewe vlak van emosionele funksionering. Daar het vir 28.57% (twee) kinderrespondente 'n verbetering in hulle vlak van emosionele funksionering **na** die gestaltgroepwerkprogram ingetree.
- **Voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) kinderrespondente van mening dat hulle oorwegend 'n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. Van die enkelouerrespondente is 85.71% (ses) **voor** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kind oorwegend 'n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf, terwyl 14.29% (een) enkelouerrespondent van mening is dat sy/haar kind oorwegend 'n negatiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf. In hierdie geval blyk die kinderrespondente meer optimisties oor hulle sosiale funksionering te wees as wat die geval by die enkelouerrespondente is. **Na** die gestaltgroepwerkprogram is 100% (al sewe) enkelouerrespondente ook van mening dat die kinderrespondente oorwegend 'n positiewe vlak van sosiale funksionering handhaaf.

- Vanuit die bevindinge van die kinderrespondente, blyk dit dat geen verbetering in die kinderrespondente se vermoë om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer, **na** die gestaltgroepwerkprogram ingetree het nie. **Voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram is 85.71% (ses) kinderrespondente in staat om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer en 14.29% (een) kinderrespondent blyk nie in staat te wees om sy gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer nie. Al sewe (100%) enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram van mening dat hulle kinders in staat is om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer. **Voor** die gestaltgroepwerkprogram was 85.71% (ses) enkelouerrespondente van mening dat hulle kinders in staat is om hulle gevoelens oorwegend op toepaslike wyses te hanteer. Daar het dus volgens die enkelouerrespondente 'n verbetering in hulle kinders se toepaslike hantering van gevoelens plaasgevind. Vanuit die enkelouerresponse blyk dit dus dat die gestaltgroepwerkprogram daarin geslaag het om die kinderrespondente aan te moedig tot die identifisering, besitting en uitdrukking van gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie op toepaslike wyses.
- Die wens dat ma en pa weer saam moet wees, kom veral **voor** die gestaltgroepwerkprogram by die kinderrespondente na vore. Volgens Van Loggerenberg & Roets (1993:112) wil enkelouerkinders graag by beide hulle ouers bly en verlang hulle baie na die afwesige ouer. Price (1991:205) toon aan dat kinders in die latente middelkinderjare dikwels wens dat hulle ouers weer met mekaar versoen word. Die wense om weer vir pa te sien en dat ma en pa weer bymekaar moet wees, kom **na** die gestaltgroepwerkprogram steeds by die kinderrespondente na vore. Die enkelouerrespondente is **na** die gestaltgroepwerkprogram ook in die meeste gevalle van mening dat hulle kinders 'n behoefte aan 'n gelukkige en harmonieuse gesinslewe het.
- Dit blyk oor die algemeen vanuit die bevindinge dat die kinderrespondente **na** die gestaltgroepwerkprogram meer positief daaroor is om in hulle enkelouergesin te wees as **voor** die gestaltgroepwerkprogram. Die kinderrespondente handhaaf **na**

die gestaltgroepwerkprogram 'n verbeterde vlak van emosionele funksionering as **voor** die program. Dit blyk verder dat die kommunikasie tussen enkelouer en kind beter is **na** die gestaltgroepwerkprogram en dat die enkelouers meer in kontak is met die gevoelens en behoeftes van hulle kinders.

### 7.5.3 Aanbevelings

- Tydens 'n gestaltgroepwerkprogram moet oop en eerlike kommunikasie tussen die enkelouer en kind bevorder word deur die enkelouers aan te moedig om meer aandag aan hulle kind te gee en na hulle kind te luister.
- 'n Aparte gestaltgroepwerkprogram wat vir die enkelouers aangebied word op 'n tyd wat hulle sal pas, ten einde hulle te begelei en te ondersteun in die hantering van hulle belewing van die enkelouersituasie en gevoelens teenoor hulle gewese maats, word sterk aanbeveel.
- Die enkelouers moet tydens 'n gestaltgroepwerkprogram vir hulle kinders, aangemoedig word om hulle kinders in die geval van egskeiding of vervreemding by die afwesige ouer en/of die familie van die afwesige ouer te laat kuier.
- Die enkelouers moet tydens 'n gestaltgroepwerkprogram vir hulle kinders, aangemoedig word om meer in kontak te kom met hulle kinders se gevoelens deur hulle kinders te vra hoe hulle voel, wanneer hulle enige nie-verbale tekens waarneem.
- 'n Lewensvaardigheidsprogram kan vir enkelouergesinne in 'n middestad konteks aangebied word, ten einde onnodige vrese by die enkelouers en hulle kinders uit die weg te ruim en 'n onderlinge ondersteuningsstelsel tussen die enkelouers teweeg te bring.

## 7.6 Hoofstuk 5: Empiriese studie: Deel II

### 7.6.1 Samevatting

- In hierdie hoofstuk het die bevindinge bekom vanuit die kwalitatiewe benadering en die integrering van die kwantitatiewe- en kwalitatiewe bevindinge hoofsaaklik aandag geniet.
- In die inleiding tot hierdie hoofstuk is die insameling, analisering en interpretering van data vanuit die kwalitatiewe benadering vir hierdie betrokke studie kortliks verduidelik.
- Die kwalitatiewe data is met behulp van ongestruktureerde waarneming ingesamel en opgeteken deur die skryf van prosesnotas na elke groepwerksessie.
- Kategorieë, temas en subkategorieë is vanuit die data van die groepwerksessies en die gesamentlike evalueringssessie met die kinderrespondente en hulle enkelouers aan die einde van die gestaltgroepwerkprogram, geïdentifiseer.
- Hierdie data is in teks en tabulêre vorm aangebied.
- Elke groepwerksessie is hierna bespreek in terme van die doelstelling, doelwitte en verloop van elke groepwerksessie.
- Die assessering van elke kinderrespondent in terme van sy projeksie; rol in die groep; beweging deur die lae van Perls en benutting van kontakgrensversteurings tydens groepwerksessies een tot sewe is in tabelvorm uiteengesit. Die kategorieë, temas en subkategorieë ten opsigte van die groeplede se projeksies; rolle in die groep; beweging deur die lae van Perls en benutting van kontakgrensversteurings, is ook in tabelvorm voorgestel.
- Die twee groepwerksessies waarby die enkelouers self (sonder kinderrespondente) betrek is, is ook in terme van doelstelling, doelwitte en verloop, bespreek. Tydens die groepwerksessies met die enkelouers is hulle betrokkenheid by die gestaltgroepwerkprogram en die terapeutiese vordering van hulle kinders verhoog, deur hulle in te lig ten opsigte van die terapeutiese werk wat reeds met hulle kinders gedoen is en hulle aan te moedig om die hanteringstrategieë vir gevoelens en behoeftes by hulle kinders te versterk.

- Die literatuur is deurgaans geïntegreer by die bespreking van die bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering.
- Die bevindinge van die gesamentlike evaluasie deur enkelouer en kind ten opsigte van die kinderrespondente se ervaring van die gestaltgroepwerkprogram, is ook in terme van kategorieë, temas en subkategorieë in tabelvorm uiteengesit. Vanuit die sewe pare respondente (enkelouer en kind) het vyf saam 'n stukkie geskryf oor wat die gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind beteken het. Twee van hierdie vyf enkelouers het ook hulle persoonlike ervaring van die gestaltgroepwerkprogram neergeskryf. Die kategorieë, temas en subkategorieë is hieruit verhaal.
- Die terugvoer van die klasonderwyser na aanleiding van sy response op 'n kort voortoets-/natoets skaal wat deur die Middestad Trauma Terapiesentrum ontwikkel is (Bylae 3), is hierna bespreek.
- Tydens die bespreking van die integrering van die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, is daar op die volgende belangrikste bevindinge gefokus:
  - \* die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie;
  - \* die aard van die verhouding tussen enkelouer en kind ten opsigte van beheer en aandag;
  - \* die aard van die verhouding tussen die afwesige ouer en kind ten opsigte van kontak;
  - \* die beweging van die kinderrespondente deur die vyf lae van Perls; en
  - \* die benutting van kontakgrensversteurings deur die kinderrespondente.

### 7.6.2 Gevolgtrekkings

- Dit blyk eerstens vanuit die kwalitatiewe bevindinge dat die inneem van groeppolle deur die groeplede, wel in 'n geringe mate afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase in die gestaltgroepwerkproses. Die groeplede het gemakliker daarmee geraak om hulleself te wees.
- Dit blyk verder dat al die groeplede tydens die kohesiefase van die gestaltgroepwerkproses in die implosiewe laag van funksionering inbeweeg het.

Sommige groeplede was reeds in die eksplisiewe laag van funksionering, terwyl een groeplid gegregresseer het na die valse laag van funksionering. Die rede vir laasgenoemde regressie was dat die betrokke groeplid nie gereed was vir afsluiting nie. Hierdie groeplid is verwys vir individuele terapie na afsluiting met die gestaltgroepwerkprogram.

- Alhoewel die kontakgrensversteurings by enkele groeplede afgeneem het, blyk dit dat die spektrum van kontakgrensversteurings in die kohesiefase in 'n groot mate ooreenstem met die kontakgrensversteurings in die oriënteringsfase en konflikfase van die gestaltgroepwerkproses. Dit blyk egter dat die intensiteit van sommige kontakgrensversteurings soos defleksie, afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase.
- Na aanleiding van die bevindinge van die gesamentlike evalueringssessie deur enkelouer en kind, blyk dit dat die kinderrespondente en hulle enkelouers die gestaltgroepwerkprogram hoofsaaklik as 'n goeie leerervaring beskou het. Die ondersteuning van medegroeplede is deur beide die kinderrespondente en die enkelouers (tydens die twee groepwerksessies met die enkelouers) waardeer.
- Na aanleiding van 'n kort voortoets-/natoetskaal wat deur die Middestad Trauma Terapiesentrum ontwikkel is (Bylae 3) en deur die klasonderwyser ingevul is, kon die volgende gevolgtrekkings gemaak word, naamlik:
  - \* Die kommunikasievaardighede van vyf van die sewe kinderrespondente het verbeter, terwyl die kommunikasievaardighede van twee kinderrespondente dieselfde gebly het.
  - \* Die selfvertroue van drie kinderrespondente het verbeter, terwyl die selfvertroue van vier kinderrespondente dieselfde gebly het.
  - \* Die skoolpunte van drie kinderrespondente het verbeter, terwyl vier kinderrespondente se skoolpunte dieselfde gebly het.
- Die gestaltgroepwerkprogram het dus veral 'n bydrae gelewer tot die bemeesting van die ontwikkelingstake by die kinderrespondente soos die ontwikkeling van die vermoë om doeltreffend met volwassenes en die portuurgroep te kommunikeer; die ontwikkeling van 'n positiewe selfopvatting en die voortgesette selfontdekking as waardige persoon.

- Na aanleiding van die bespreking van die integrering van die bevindinge vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram wel 'n verbetering ten opsigte van die kinderrespondente se emosionele- en sosiale vlakke van funksionering en toepaslike hantering van gevoelens teweeg gebring het.

### **7.6.3 Aanbevelings**

- Alhoewel die betrekking van die enkelouers by die twee groepwerksessies (vir die enkelouers self) en een gesamentlike evalueringssessie saam met hulle kinders, vir die doeleindes van hierdie navorsingstudie voldoende was, moet 'n volledige gestaltgroepwerkprogram spesifiek vir die ondersteuning en bemagtiging van die enkelouers, in die toekoms oorweeg word.
- Die insluiting van fisiese groepaktiwiteite by die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram, word voorgestel, aangesien die groeplede woeliger begin raak het tydens die laaste drie groepwerksessies. Die rede vir die woeligheid was moontlik dat die groeplede gereed begin raak het vir afsluiting. Hierdie aanbeveling word veral gemaak in gevalle waar manlike kinderrespondente aan die gestaltgroepwerkprogram deelneem.

## **7.7 Hoofstuk 6: 'n Gestaltgroepwerkprogram vir die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks**

### **7.7.1 Samevatting**

- Die volledige en verfynde gestaltgroepwerkprogram wat vanuit die bevindinge van die literatuurstudie en die empiriese studie ontwikkel en geëvalueer is, is in hierdie hoofstuk uiteengesit.
- Die gestaltgroepwerkprogram het uit agt gestaltgroepwerksessies met sewe manlike enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, bestaan.

- Die enkelouers het tydens die gestaltgroepwerkprogram twee maal, na elke derde groepwerksessie met hulle kinders, as 'n groep vergader.
- Die gestaltgroepwerkprogram is afgesluit met 'n gesamentlike evalueringssessie met die groeplede en hulle enkelouers. Tydens hierdie sessie het die kinderrespondente elkeen individueel saam met hulle enkelouer neergeskryf wat die gestaltgroepwerkprogram vir hulle beteken het.
- Die kinder- en enkelouerrespondente het **voor** en **na** die gestaltgroepwerkprogram 'n selfontwerpte vraelys ingevul wat die kinderrespondente se belewinge van die enkelouersituasie en hulle hantering daarvan, **voor** en **na** die implementering van die gestaltgroepwerkprogram gemeet het. Die effektiwiteit van die gestaltgroepwerkprogram in die bemagtiging van die kinderrespondente om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer, is op hierdie wyse geëvalueer.
- Die oorhoofse doelstelling van die gestaltgroepwerkprogram is soos volg uiteengesit: Om die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks deur middel van 'n gestaltgroepwerkprogram te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie te verwerk en op toepaslike wyses te hanteer.
- Die gestaltgroepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram is hierna elk in terme van die onderskeie doelstelling en doelwitte bespreek.
- Vooraf is die voorgestelde verloop van een gestaltgroepwerksessie kortliks bespreek.
- Alhoewel daar tydens die studie op gestaltgroepwerk gefokus is, is die fases van die groepwerkproses soos uiteengesit deur Toseland & Rivas (2001:153-281 & 399-448) ook kortliks bespreek, ten einde die verloop van die gestaltgroepwerkprogram verder toe te lig.
- Die voorgestelde aktiwiteite/funksionele hulpmiddels wat tydens elke groepwerksessie benut is, ten einde die doelwitte te bereik, is ook na die uiteensetting van die doelwitte van elke groepwerksessie uiteengesit.
- Die gestaltgroepwerkprogram word afgesluit met 'n gesamentlike evalueringssessie met die groeplede en hulle enkelouers. Eerlikheid word

aangemoedig. Enige verdere gevoelens en behoeftes ten opsigte van die enkelouersituasie word hierna individueel met die terapeute bespreek.

- Tydens die beplanning, implementering en evaluering van hierdie gestaltgroepwerkprogram is die metodes van maatskaplikewerk, naamlik, maatskaplikewerkintervensie met gemeenskappe, -groepe en -individue, aanvullend tot mekaar benut.

### 7.7.2 Gevolgtrekkings

- Die navorser het met haar ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram 'n bydrae gelewer tot die gebiede van gestaltgroepspeelterapie en intervensie met enkelouerkinders in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks.
- Die doelstellings en doelwitte van elke groepwerksessie wat in hierdie hoofstuk uiteengesit is, is suksesvol tydens die gestaltgroepwerkprogram geïmplementeer.
- Enkele leemtes van die gestaltgroepwerkprogram is wel geïdentifiseer en bespreek in hoofstuk 1.
- Hierdie leemtes sluit onder andere in die onbetrokkenheid van sommige enkelouers tydens die enkelouergroepwerksessies, wat moontlik toegeskryf kan word aan werksverpligtinge, vervoerprobleme en persoonlike emosionele probleme, asook die woeligheid van sommige groeplede tydens die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram.
- Die bevindinge bekom vanuit die response op die selfontwerpte vraelyste, ongestruktureerde waarneming, gesamentlike evalueringssessie deur enkelouer en kind en die terugvoer van die klasonderwyser, dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks geïmplementeer kan word.

### 7.7.3 Aanbevelings

- Afhangende van die behoefte van die betrokke groeplede, sou daar van meer groepwerksessies in 'n gestaltgroepwerkprogram gebruik gemaak kan word.

- 'n Afsonderlike gestaltgroepwerkprogram waartydens die behoeftes van die enkelouers aangespreek word, sou verkieslik na-ure vir die enkelouers aangebied kan word.
- Fisiese groepaktiwiteite met die aanvang van of geïnkorporeer tydens die laaste drie groepwerksessies van die gestaltgroepwerkprogram, sou woeligheid onder die kinderrespondente kon bekamp. Daar sal egter genoeg tyd vir laasgenoemde in die skoolprogram toegelaat moet word.

### **7.8 Toetsing van doelstelling en doelwitte**

Die doelstelling en doelwitte vir hierdie studie is soos volg in hoofstuk 1 gestel:

#### **Doelstelling:**

Om die kind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, deur middel van gestaltgroepwerk te bemagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.

#### **Doelwitte:**

Die doelwitte gestel ten einde bogenoemde doelstelling te bereik, is soos volg uiteengesit:

- Om deur middel van literatuurstudie ondersoek in te stel na: die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare; terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewinge in die enkelouergesin; gestaltspeltherapie en gestaltgroepwerk.
- Om deur middel van 'n empiriese ondersoek vas te stel in watter mate die kind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks met behulp van gestaltgroepwerk bemagtig is om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, te hanteer.
- Om 'n gestaltgroepwerkprogram te ontwikkel, toe te pas en te evalueer vir die toekomstige benutting met die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks.

- Die eerste doelwit is suksesvol bereik deur die bespreking van die literatuurstudiebevindinge oor die invloed van enkelouerskap op die kind in die laat middelkinderjare en terapeutiese intervensie vir die hantering van die kind se belewing in die enkelouergesin in hoofstuk 2. Die literatuur oor gestaltspelterapie en gestaltgroepwerk is in hoofstuk 3 bespreek. Voldoende literatuur was beskikbaar oor die onderskeie genoemde aspekte. Die aanvanklike gestaltgroepwerkprogram is ontwikkel vanuit die inligting bekom deur die literatuurstudie en vorige navorsing. Die literatuurstudie het die navorser se begrip en kennis ten opsigte van die problematiek van kinders in enkelouergesinne in 'n middestad konteks en beoogde intervensie met behulp van gestaltgroepwerk, aansienlik verhoog.
- Die empiriese ondersoek waarna daar in die tweede doelwit verwys word, is vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benadering uitgevoer. Die dominante-minder-dominante model van Creswell is benut (De Vos, 2002:365-367). Die studie is oorwegend vanuit die kwantitatiewe benadering onderneem, aangesien meting van verandering hoofsaaklik met behulp van selfontwerpte vraelyste gedoen is. Die ongestruktureerde waarneming van verandering by die respondente op sosiale- en emosionele vlak, wat eie is aan die kwalitatiewe benadering, het 'n kleiner deel van die studie uitgemaak. Die data is hoofsaaklik ingesamel met behulp van selfontwerpte vraelyste wat aan die begin en einde van die gestaltgroepwerkprogram deur die kinder- en enkelouerrespondente ingevul is en deur ongestruktureerde waarneming tydens die groepwerksessies. Data is ook ingesamel deur middel van 'n gesamentlike evalueringssessie deur enkelouer en kind oor wat die gestaltgroepwerkprogram vir die kind beteken het en deur terugvoer van die klasonderwyser. Die bevindinge vanuit die kwantitatiewe benadering en die bevindinge vanuit die kwalitatiewe benadering vul mekaar effektief en sinvol aan. Data is op hierdie wyse geverifieer en moontlike verklarings is gesoek in gevalle waar data vanuit die kwantitatiewe benadering verskil het van data vanuit die kwalitatiewe benadering. Die tweede doelwit is dus

suksevol bereik. Die kern van die bevindinge van die empiriese studie word onder die toetsing van die hipotese bespreek.

- Die gestaltgroepwerkprogram wat aanvanklik na aanleiding van die literatuurstudie en vorige navorsing ontwikkel is, is verder verfyn en ontwikkel tydens die voor- en hoofondersoek. Hierdie verfynde en volledige gestaltgroepwerkprogram is in hoofstuk 6 van die proefskrif uiteengesit en bespreek. Die bevindinge bekom vanuit die response op die selfontwerpte vraelyste, ongestruktureerde waarneming, gesamentlike evalueringssessie deur enkelouer en kind en die terugvoer van die klasonderwyser, dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks geïmplementeer kan word. Die derde doelwit is dus ook suksesvol bereik.
- Die doelstelling van die navorsingstudie is bereik deur middel van die suksesvolle bereiking van die drie onderskeie doelwitte. Die kinderrespondente in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, is deur middel van die gestaltgroepwerkprogram bemaagtig om die negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie op toepaslike wyses te hanteer.

### 7.9 Toetsing van hipotese

Die hipotese vir hierdie navorsingstudie is soos volg in hoofstuk 1 gestel:

**Indien die enkelouerkind in die laat middelkinderjare in 'n middestad konteks, inskakel by 'n gestaltgroepwerkprogram, dan sal die kind bemaagtig word om sy/haar negatiewe belewinge wat verband hou met die enkelouersituasie, op toepaslike wyses te hanteer.**

- Toepaslike hantering word beskou as die mate waarin die kind uit die enkelouergesin in kontak is met sy/haar gevoelens ten opsigte van die enkelouersituasie; uitdrukking kan gee aan hierdie gevoelens; die gevoelens sy/haar eie kan maak en die gevoelens kan hanteer sonder om van die volgende

kontakgrensversteurings gebruik te maak, naamlik: projeksie, introjeksie, retrofleksie, samevloeiing en defleksie.

- Tydens die gestaltgroepwerkprogram is die kind in 'n middestad konteks begelei tot groter bewustheid van hom-/haarself en sy/haar gevoelens; die toepaslike uitdrukking van sy/haar gevoelens; die besitneming van of die neem van verantwoordelikheid vir sy/haar gevoelens; die verkryging van hanteringsstrategieë binne en buite die groepsituasie en selfvertroeteling.
- Na aanleiding van die bevindinge bekom vanuit die kwantitatiewe en kwalitatiewe benaderings, kan die gevolgtrekking gemaak word dat die gestaltgroepwerkprogram wel 'n verbetering ten opsigte van die kinderrespondente se emosionele- en sosiale vlakke van funksionering en toepaslike hantering van gevoelens, teweeggebring het.
- Die emosionele en sosiale vlak van funksionering van die kinderrespondente is in die selfontwerpte vraelys en tydens die ongestruktureerde waarneming gemeet in terme van die kinderrespondente se benutting van kontakgrensversteurings.
- Toepaslike hantering van gevoelens is in die selfontwerpte vraelys en tydens die ongestruktureerde waarneming gemeet in terme van die kinderrespondente se vermoë om bewus te wees van hulle gevoelens; hierdie gevoelens uit te druk; en verantwoordelikheid vir hulle gevoelens te neem en in terme van die beweging van die kinderrespondente deur die vyf lae van Perls.
- Volgens die kwalitatiewe bevindinge wat deur ongestruktureerde waarneming bekom is, het daar wel 'n verbetering in die kinderrespondente se toepaslike hantering van hulle gevoelens ingetree. 'n Verbetering is vanuit die kwantitatiewe bevindinge slegs deur die enkelouers se response op die selfontwerpte vraelyste gereflekteer.
- Alhoewel dit vanuit die kwantitatiewe bevindinge blyk dat daar 'n verbetering in die emosionele en sosiale vlakke van funksionering by die kinderrespondente ingetree het, blyk dit vanuit die kwalitatiewe bevindinge dat die spektrum van kontakgrensversteurings in die kohesiefase van groeopontwikkeling in 'n groot mate ooreenstem met dié in die oriënteringsfase en konflikfase van groeopontwikkeling. Dit blyk egter tog dat die intensiteit van sommige

kontakgrensversteurings afgeneem het van die oriënteringsfase na die kohesiefase.

- Die hipotese word na aanleiding van bogenoemde bevindings vir hierdie spesifieke respondentegroep ondersteun.

### **7.10 Slotopmerkings**

Die enkelouerkind in 'n middestad konteks het behoefte daaraan om op emosionele en sosiale vlak bemagtig te word tot die toepaslike hantering van die negatiewe belevinge wat verband hou met die enkelouersituasie. Die omvang van enkelouerskap en die verliese en problematiek wat daarmee gepaardgaan is kommerwekkend. Die eie ouers is dikwels nie in 'n posisie om hulle kinders van die nodige ondersteuning en leiding te voorsien nie, aangesien hulle te betrokke is by die hantering van hulle eie pyn, en die druk wat met enkelouerskap gepaardgaan. Die enkelouerkind in 'n middestad konteks word addisioneel met 'n meer problematiese lewensituasie gekonfronteer as die enkelouerkind wat in 'n ekonomies meer gegoede woonbuurt grootword. Die rassese segregasie, misdaad, beperkte hulpbronne en geweld in middestadomgewings verminder die vermoë van gesinne om hulleself en hulle kinders te beskerm. Die ontwikkelde en geëvalueerde gestaltgroepwerkprogram dien dus as 'n belangrike hulpbron vir die enkelouerkind in 'n middestad konteks.

Die enkelouerkindresponente in 'n middestad konteks is deur deelname aan die gestaltgroepwerkprogram bemagtig tot groter bewustheid van hulleself en hulle gevoelens rondom die enkelouersituasie; die toepaslike uitdrukking van hulle gevoelens; die neem van verantwoordelikheid vir hulle gevoelens; die benutting van hanteringstrategieë om hierdie gevoelens te hanteer en selfvertroeteling. Die navorsingsbevindinge dui daarop dat die ontwikkelde gestaltgroepwerkprogram met vrymoedigheid met enkelouerkinders in hulle laat middelkinderjare in 'n middestad konteks geïmplementeer kan word. Die voortgesette benutting van hierdie program binne middestadomgewings word sterk aanbeveel.